
# 24 Beminde God wil om u Kind




Laat diepe stilte in ons dring,
ons woordevloed beheer;
u sagte fluister sal ons dwing
en op ons nou u seën bring,
soos manna van weleer,
soos manna van weleer.

Laat dou van stilleswye tas,
aan strewe en aan stryd;
verwyder elke siel se las
dat vrede by ons tug kan pas,
met al u heerlikheid,
met al u heerlikheid.

Verkoel met balsem van u Gees,
die polsslag van ons lus;
stil die gevoelens van die vlees;
laat ons die wind en vuur nie vrees,
o stille stem van rus,
o stille stem van rus.

John Greenleaf Whittier (1807-92) C.H.H. Parry (1848-1918)